# BOEREKRYGSGEVANGENES VAN BERMUDA

C.A.R. Schulenburg

*II*

## *Begraafplaas op eiland*

My vader, August Carl Schulenburg, is op 8 Mei 1901 gevange geneem en na Bermuda gestuur, waar hy vanaf 28 Junie 1901 tot 25 Julie 1902 op Burteiland as krygsgevangene vertoef het. Hy het sy herinneringe in groot besonderheid aangeteken [1], en daarby het hy 'n volledige stel foto's van die kamplewe op Bermuda bewaar. Ons kinders het ook in later jare van hom verneem dat daar sterfgevalle onder die krygsgevangenes was, en dat die oorledenes in 'n begraafplaas op Long-eiland ter ruste gelê is. In sy herinneringe skryf Schulenburg dat "honderde van ons mense begrawe lê in die kerkhof op Port-eiland". Dit is onjuis; sy geheue het hom seker 'n bietjie in die steek gelaat. Ook het ons verneem dat 'n gedenknaald ter ere van die gestorwenes in die begraafplaas opgerig is. Hierdie gedenknaald is met die volle ondersteuning van die militêre owerheid opgerig net nadat vrede verklaar is. Die Boere in bevel van hierdie projek het geskakel met die "Committee for Restoration of the Cathedral" en daar is besluit om 'n gedenknaald (obelisk) op te rig bestaande uit "Nova Scotia Freestone" op 'n voetstuk van Bermuda-kalkklip. Hierdie monument is in die begraafplaas op Long-eiland opgerig en is in 1903 deur die biskop van Newfoundland en Bermuda ingeseën [2].

Daar het oor die jare by my en my eggenote 'n begeerte ontstaan en gegroei om eendag Bermuda te besoek om te sien waar my vader so lank as krygsgevangene moes vertoef en om, omdat ons belanggestel het in die geskiedenis van die Anglo-Boereoorlog en sy gevolge, enige sigbare bewyse van daardie tyd, soos dan ook bogenoemde begraafplaas, te besigtig. Beskrywings van die begraafplaas is gevind in Audrey Blignault se *Die Verlange loop Ver* [3] en in *Sarie Marais,* Junie 1967 [4] en ds. J.A. van Blerk se *Op die Bermudas beland* [5].

Nadat ons die begraafplaas besoek het, en ook verder inligting ontvang en nagevors het, het dit geblyk dat die beskrywings van die gedenknaald en veral die lyste van name van gestorwenes wat daarop verskyn, onjuisthede bevat, en ook dat daar ongerymdhede bestaan tussen die name op die gedenknaald en dié wat in die begrafnisregisters op Bermuda en in Pretoria gevind is; ons het dus gevoel dat dit raadsaam en nuttig sou wees om regstellings te maak en die feite te verstrek wat, volgens ons ondersoeke, juis en korrek is.

Om die leser die moeite te spaar om die naamlyste in ander publikasies op te

**(NB Waar ( ) hakies gebruik word, dui dit die skrywer se kommentaar of mening aan.**

1. August Carl Schulenburg, *"Herinneringe"*, Staatsargief, Pretoria, no. A 1047; *ibid.*, D/S 2 mikrofilm.
2. Colin Benbow, *Boer Prisoners of War in Bermuda,* Bermuda Historical Society, Occasional Publications, no. 3.1962, 1962, ref. 140.
3. Audrey Blignault, *Die Verlange loop Ver,* 1969, p. 56.
4. *Idem., Sarie Marais,* 26.6.1967, p. 48.
5. J.A. van Blerk, *Op die Bermudas Beland,* 1949, p. 77.



*Die gedenknaald in die Boere-krygsgevangene-begraafplaas op Long-eiland, Bermuda. Die drie-lagige voetstuk van Bermuda-kalkklip, sowel as die vyf stukke "Nova Scotia Freestone" wat die plinte en die naald vorm, word mooi vertoon. Die muurtjie is van Bermuda-sandklip.*

*Van l. na r. staan: Dr. C.A.R. Schulenburg, mnr. Hubert J. Jones, mnr. Colin Benbow.*

spoor ter vergelyking, en om die onjuiste en korrekte lyste gerieflikheidshalwe bymekaar te hou, word be-oog om die volgende gegewens te verstrek:

'n Beskrywing van die begraafplaas en gedenknaald, met inskripsies.

Die lys van name soos op die gedenknaald gegraveer.

Die lys van name soos aangeteken in die offisiële begrafnisregister, in die Bermuda-argief besigtig[6].
Die lys van name soos dit verskyn in Blignault[7].
Die lys van name soos weergegee in Benbow[8].
Die lys van name soos dit verskyn in Van Blerk[9].
Die lys van name soos gevind in die oorspronklike registers van krygsgevangene-sterfgevalle in die Staatsargief te Pretoria[10].
Vergelykings en regstellings.
Verdere lyste is gevind in die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke te Bloemfontein[11] en by die Departement van Openbare Werke te Pretoria[12]. Hierdie lyste word nie hier weergegee nie; albei is onvolledig en daar is onvoldoende inligting in die geval van heelparty name.

Ons het dan ook in Oktober 1974 'n besoek aan Bermuda gebring, en is ons deur Colin Benbow, bekende Bermuda-historikus, en vergesel deur ander vriende, na die betrokke eilandjies geneem.

Bermuda is geleë in die Atlantiese Oseaan, ongeveer 1200 km suid-oos van New York. Dit bestaan uit 'n hoof-eiland in die vorm van 'n vishoek, ongeveer 37 km lank en 4 km op sy wydste. In die boog van die "hoek", ("The Great Sound") lê 'n klompie klein eilandjies, waar die Boerekrygsgevangenekampe was, maar waar vandag geen aktiwiteite is nie. Daar het in die betrokke tydperk by benadering 4619 krygsgevangenes aangekom (waaronder 'n aantal kinders tussen 8 en 16 jaar oud; hierdie aantal word aangegee in syfers wat wissel van "800"[13], "van 200 tot 300"[14] tot "177"[15]. Laasgenoemde syfer word deur Katherine Elwes genoem, en sy meld ook dat net 8 kinders onder 12 was, die res 12—16 jaar oud. Daar was 47 seuns met hulle vaders as krygsgevangenis in Bermuda). Hulle is in tente gehuisves op die eilandjies Hawkins (ook bekend as Elizabeth), Darrell, Morgan, Tucker, Burt (ook bekend as Burtt) en Hinson (ook bekend as Godet). Die tenthospitaal, met 110 beddens, was op Port-eiland (daar was ook hospitaalfasiliteite op Zeta, 'n baie klein eilandjie) en die begraafplaas op Long-eiland (destyds ook bekend as Sheep-eiland). As in aanmerking geneem word dat daar slegs 35 sterfgevalle op die eilande self voorgekom het (daar is 43 name op die gedenknaald, maar sommige het op see op pad na Bermuda gesterf — kyk later), kan afgelei word dat daar tog 'n gesonde klimaat geheers het, dat higiëniese reëlings doeltreffend was, en waarskynlik ook dat die Boerekonstitusie sterk was. Elwes maak ook melding van die feit dat daar in Amerikaanse tydskrifte berigte verskyn het soos "hundreds are dying of enteric", terwyl daar gedurende een tydperk van sewe maande net 15 sterfgevalle was, slegs twee aan buiktifus. Sy meld dat die sterftesyfer onge-

6. *Boer Prisoner of War Burial Register*, Bermuda Archives.
7. Audrey Blignault, *Die Verlange loop ver*, 1969, pp. 58—59; *Idem.*, *Sarie Marais*, 26.6.1967, p. 48.
8. Colin Benbow, *Boer Prisoners of War in Bermuda*, 1962, App. "A".
9. J.A. van Blerk, *Op die Bermudas beland*, bylae L, p. 143.
10. Staatsargief, Pretoria, *List of deaths of Prisoners of War* SO/POW 84; *Idem.*, *List of deaths of Prisoners of War on Transports and at Bermuda*, SO/POW PR/A 2636.
11. Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein, no. 1723.
12. Departement van Openbare Werke, Pretoria, Lêer 13/1/7.
13. Audrey Blignault, *Die Verlange loop ver*, p. 57; *Idem.*, *Sarie Marais*, 26.6.1967, p. 48.
14. J.A. van Blerk, *Op die Bermudas beland*, 1949, p. 80.
15. K.W. Elwes, *The Boer Prisoners in Bermuda*, The Fortnightly Review, June 1902, Vol. LXXI, New Series, p. 985.

woon laag was, wat nie onverwags is nie, daar "Bermuda wêreldberoemd is vir sy klimaat en dat dit van die gesondste plekke ter wêreld is". (Mej. Katherine Elwes was gedurende 1901/2 my vader (August Carl) se "kontak" te Hamilton op die hoofeiland i.v.m. die verkoop van gedenkwaardighede deur die krygsgevangenes gemaak. Hy was toendertyd sekretaris van die "P.o.W. Industrial Association".) Al die sterftes was as gevolg van natuurlike oorsake, buiten in een enkele geval, waar 'n gevangene deur 'n wag geskiet is terwyl hy gepoog het om te ontsnap.

**Die begraafplaas op Long-eiland**

Ongeveer in die middel van Long-eiland is twee begraafplase. Die een, bekend as die "small cemetery", 'n uitbreiding van die begraafplaas op Ireland-eiland, beslaan ongeveer 0,0043 hektaar en bevat grafte van troepe wat in 1848 omgekom het tydens 'n epidemie van geelkoors. Die ander, die "large cemetery", is die een wat uit Boerekrygsgevangenegrafte en die gedenknaald bestaan. In die nabyheid van hierdie twee begraafplase is 'n klipstapel, met 'n metaalplaat ingebou, waarop die volgende inskripsie verskyn:

> "To the North of this monument lies a burial ground which having been abandoned since 1864 was restored and enclosed in 1903 and consecrated by the Rt Revd Bishop of N.F. land & Bermuda.
> On the North of this cemetery is the burial ground of prisoners of war who were confined on the islands of the Great Sound in the years 1901, 2 & 3."

Die Boerekrygsgevangene-begraafplaas beslaan 'n oppervlakte van ongeveer 0,43 hektaar, en is aan drie kante omring deur 'n muurtjie, van Bermudasandklip gebou; hierdie muurtjie is gemiddeld 85 cm hoog — die hoogte wissel ietwat omdat die begraafplaas op 'n helling staan. Die lengtes van die drie dele van die muurtjie is 17,4 × 40 × 17,4 m. Die beskrywing in 'n tydskrif[16] van "'n grys koraalmuur wat die begraafplaas omring" is onjuis. Die sandklipblokke vir die muurtjie is volgens 'n bepaalde maat gesaag deur die Kaapse Rebelle (Kolonialers wat aan Boerekant geveg het, wat op Bermuda beskou was as "convicts", wie se uniforms met 'n hanepoot gemerk is, en wat al die harde werk moes doen; hulle was afgekamp op 'n klein gebied op Hawkins-eiland).

By elke graf is 'n steen, ongeveer 70 cm hoog, met 'n nommer aan die agterkant gegraveer, wat ooreenstem met die nommer voor die naam van die oorledene op die gedenknaald. Net by graf no. 20 is 'n bykomstige klein voetsteen aangebring met dié inskripsie daarop:

> "D.J. de Bruyn, age 19; Died 1902.7.4. Cape Rebel sentenced for life".

Ten tye van ons besoek was sommige grafstene verkrummel, ander net gebreek en omgeval[17]. Die muurtjie om die begraafplaas was baie goed behoue.

Die gedenknaald is nog in 'n besonder goeie toestand. Dit is geleë in die noordoostelike hoek van die begraafplaas en is gebou van twee soorte steen. Daar is 'n drielagige voetstuk van Bermuda kalkklip, een meter hoog. Die res van die gedenkteken bestaan uit "Nova Scotia Freestone" wat geskenk is deur die boukomitee van die Hamilton-katedraal. Op die voetstuk is 'n vierkantige blok, (die onderste plint) 55 cm

---

16. Audrey Blignault, *Sarie Marais*, 26.6.1967, p. 48.
17. Foto's in Junie, 1977 geneem en deur 'n vriend aan die skrywer gestuur, toon dat die begraafplaas skoongemaak is en dat grafstene herstel is, sodat dit nou besonder netjies voorkom. Dit is gedoen deur bemiddeling van die Suid-Afrikaanse Raad vir Oorlogsgrafte, Pretoria.

hoog, waarop die name van die gestorwenes op alvier kante gegraveer is. Bo-op is nog 'n blok, effens kleiner, maar effens hoër, 60 cm hoog (die boonste plint) waarop die inskripsie in Engels aan die suidekant, en die inskripsie in Nederlands aan die westekant gegraveer is. Die oorblywende twee kante van hierdie blok is kaal. Die "naald" van die gedenknaald bestaan uit drie kunstig gekapte blokke, altesaam 170 cm hoog.

Volgens ds. van Blerk [18] is hierdie begraafplaas netjies op versoek van die burgers, deur die Rebelle onder sy toesig aangelê. Die inskripsies en name wat op die monument verskyn, was die werk van mnr. Francois van der Merwe, van Fauresmith, OVS. Hy was onder die Boere bekend as Rooi Faan. Hy was 'n gebore kunstenaar, wat geen skoling of opleiding gehad het nie; Van der Merwe se naam verskyn inderdaad in klein letters onderaan die lys van name op die monument.

Hier volg nou die Engelstalige inskripsie, soos dit verskyn op die boonste plint, aan die suidekant:

IN MEMORY OF, THE
BOER
PRISONERS OF WAR,
WHO DIED AT BERMUDA
1901—1902
ERECTED BY THEIR
FELLOW PRISONERS

Hier volg die inskripsie in die Nederlands, op die boonste plint, aan die westekant:

TER HERINNERING AAN DE
KRYGSGEVANGENEN
DIE TE BERMUDA
GESTORVEN ZYN
1901—1902
IK BEN EEN VREEMDELING OP DE
AARDE. Ps. 119.19.
IN HET HUIS MYNS VADERS ZYN
VELE WONINGEN. Jn. 14.2.

Aan die westekant:

| | | 1901 | | |
|---|---|---|---|---|
| 1 | D.J. ROOD | | BEGRAVEN | 6.7. |
| 2 | P. DE KLERK | | | 19.8. |
| 3 | W.J. SMIT | | | 26.8. |
| 4 | P.J. ELOFF | | | 10.9. |
| 5 | P.W.A. MARTHIENS | | | 11.9. |
| 6 | L.A. NEL | | | 14.9. |
| 7 | J.N. STEYN | | | 25.9. |
| 8 | C.S. DE HAAS | | | 3.10. |

18. J.A. van Blerk, *Op die Bermudas beland*, p. 77.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 9 | W.D.J. v. VUUREN | | 4.11. |
| 10 | D. DE KLERK | | 21.11. |
| 11 | J.A. CALITZ | | 21.11. |
| 12 | J.P. DU PLESSIS | | 30.12. |

Aan die suidekant:

1902

| | | | |
|---|---|---|---|
| 13 | D. BEUKES | BEGRAVEN | 23.1. |
| 14 | P.B. SCHALKWŸK | | 30.1. |
| 15 | G.C. OLIVER | | 1.2. |
| 16 | T.D. MOOLMAN | | 8.3. |
| 17 | S. CHARALAMBAU | | 18.3. |
| 18 | D.J. BOTHA | | 31.3. |
| 19 | R.J. OPPERMAN | | 7.4. |
| 20 | D.J. DE BRUŸN | | 8.4. |
| 21 | F.H. BOSCH | | 28.4. |
| 22 | A.H.A. SCHOEMAN | | 30.3 |
| 23 | W.C. DIEDERICKS | | 1.5. |
| 24 | A.J. V.D. WALT | | 29.4. |

Aan die oostekant:

1902

| | | | |
|---|---|---|---|
| 25 | D.C. NORTJE | BEGRAVEN | 31.5. |
| 26 | J.S. VERMAAK | | 2.7. |
| 27 | J.H. JOUBERT | | 4.7. |
| 28 | D.S. PRINSLOO | | 20.7. |
| 29 | B.E. MEYER | | 15.8. |
| 30 | W.J.J. VAN ZYL | | 23.8. |
| 31 | S.W. V.D. SAND | | 3.9. |
| 32 | N.J. GOOSEN | | 6.9. |
| 33 | C.J. STEYN | | 12.9. |
| 34 | H.J. STEYN | | 6.11. |
| 35 | W.E. JOHNSTON BURIED AT S. GEORGES | | 14.1. |
| | REINTERRED HERE | | 15.1.03. |

F. V.D. MERWE

Aan die noordekant (die steen aan hierdie kant is ietwat verweer daar die heersende winde uit die noord-weste waai. Die graveerwerk is van swakker gehalte en is sekerlik nie deur F. v.d. Merwe gedoen nie):

1902

| | | |
|---|---|---|
| 36 | P. ENGELBREGHT | 1.9.02 |
| 37 | J.D. KIER | 21.6.01 |
| 38 | T.D. MOOLMAN | 7.3.02 |
| 39 | J.S. VAN MEKERK | 20.4.02 |
| 40 | A.F. STRAUSS | 29.7.01 |
| 41 | G. STULTING | 21.7.01 |

42 GERT VERMAAK 19.8.01
43 M.J. DE VILLIERS AFTER 1904

Toe ons dit besigtig het, het dit voorgekom asof die dwars- en skuins strepies van die "4" in "1904" uitgeskraap is om 'n "1" van die "4" te maak. Ook is No. 37 se naam na Kier verander. Op 'n foto van hierdie name in my besit, in 1968 geneem, verskyn die naam duidelik as Kies. In 1968 was hierdie paneel baie erg verweer, en dit is duidelik dat die graveerwerk later opgeknap is, sodat dit vandag weer pragtig vertoon.

Omtrent bostaande name 36 tot 43 is daar gissings. Blignault [19] en Benbow [20] meld dat hierdie name in 1912 op versoek van die Suid-Afrikaanse regering bygevoeg is en dat hulle "waarskynlik krygsgevangenes was wat tydens die lang seereis van die Kaap na Bermuda oorlede is". Dat dit onwaarskynlik is by ten minste drie persone (no. 36, 38 en 39) word afgelei van die feit dat die laaste skip met krygsgevangenes aan boord ("Montrose") op 16 Januarie 1902 op Bermuda aangekom het [21]. Verder word gemeld deur Van Blerk [22] en Schulenburg [23] dat alle persone wat op see gesterf het, ter see begrawe is; Margaret Webb [24] meld dat 23 burgers onderweg na Bermuda op die skepe oorlede is (in die Staatsargief het ons 'n lys van 34 persone gevind wat op skepe op reis na Bermuda gesterf het).[25] Verder het elke gestorwene op bostaande lys 'n grafnommer, wat vreemd is indien hulle ter see begrawe is. Dan weer wil dit voorkom asof die datums agter elke naam die *sterftedatum* en nie die begrafnisdatum is nie. Daar moet op gelet word dat die datum agter die name 1 tot 35 die *begrafnisdatums* is, altyd een dag na sterfte. By persone 5, 8, 10, 11, 12, 26, 27, 28, 29, 32, 33 en 34 egter, is die sterfte- en begrafnisdatums dieselfde (sterftedatums is bevestig in 'n lys in die Staatsargief).[26] Let ook op dat 38 T.D. Moolman, sterf 7.3.02, ook verskyn as 16 T.D. Moolman, begrawe 8.3.02. Ons aanvaar dat hierdie dieselfde persoon was ('n 12-jaar oud seun) maar dit is onseker waarom sy naam twee keer verskyn en waarom hy twee grafnommers het. Waarom name 36 tot 43 ook nie in die offisiële begrafnisregister te Bermuda voorkom nie, kon nie vasgestel word nie. Dit is vreemd dat die jaar "1902" gegraveer is bo-aan die naamlys, terwyl die sterftedatums 1901 en 1902 is. Daar is nie grafstene vir nos. 36 tot 43 nie.

Hier volg nou 'n lys van name en gegewens, presies soos aangeteken in die "Boer Prisoner of War Burial Register", wat ons ter insae gehad het in die Bermuda-argief met vergunning van die Argivaris, mnr. Len McDonald ('n Suid-Afrikaner, oorspronklik van Lydenburg, Transvaal). Let weer op dat enige opmerkings van die skrywer in ( ) hakies verskyn:

| No of Grave | Name | Nationality | Date of Interment | Religion | Officiating Clergyman | Remarks |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Rood D.J. | Burgher | 6.7.1901 | Dutch Reform | Mr. Pienaar | |
| 2 | De Klerk P. | do | 19.8.'01 | D.R.C. | Mr. Albertyn | |
| 3 | Smit W.J. | do: | 26.8.'01 | D.R.C. | Mr. Albertyn | |

19. Audrey Blignault, *Die Verlange loop ver*, p. 59.
20. Colin Benbow, *Boer Prisoners of War in Bermuda*, App. "A".
21. *Ibid.*, ref 28.
22. J.A. van Blerk, *Op die Bermudas beland*, p. 21.
23. A.C. Schulenburg, *Herinneringe*, Staatsargief, Pretoria, A1047; *Ibid.*, D/S 2—mikrofilm.
24. Margaret Webb, *Bedevaart na Bermuda*, *Lantern*, Sept. 1976, pp. 36—41.
25. Staatsargief, Pretoria, SO/POW 84; *Ibid.*, SO/POW PR/A 2636.
26. *Ibid.*, SO/POW 84.

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 4 | Eloff P.J. | do | 10.9.'01 | D.R.C. | Mr. Postma | |
| 5 | Marthiens P.W.A. | do | 11.9.'01 | D.R.C. | Mr. Postma | Maartens P.W.A. |
| | L.A. Nel | do | 14.9.01 | D.R.C. | Mr. Olzar | |
| | Steyn Johannes Nicholas | do | 25.9.01 | D.R.C. | Houpfeisch [Hauptfleisch] | |
| | Carl Stephanus de Hass [de Haas] | do | 3.10.01 | D.R.C. | Houptfleisch [Hauptfleisch] | |
| | W.D.J. van Vuuren | do | 4.11.01 | D.R.C. | Pienaar | No. 17429 |
| | Cality J.A. [Calitz] | do | 21.11.01 | D.R.C. | Hautfleisch [Hauptfleisch] | Burgher |
| 10 | Klerk de D. | do | 2.11.01 | D.R.C. | Do | |
| 12 | Du Pplessis J.P. [Du Plessis] | do | 30.12.01 | D.R.C. | Rev. van Blerk | Burgher |
| | Beukes Daniel | do | 23.1.02 | D.R.C. | Rev. van Blerk | Died 22.1.02 Pneumonia |
| | Schalkwyk P.B. [Van Schalkwyk] | Burgher | 30.1.02 | D.R. Church | P of W Hauptfliesch [Hauptfleisch] | 42 years of age |
| | Oliver Gert Cornelis [Olivier] | Burgher | 1.2.02 | D.R.C | Rev: van Blerk | |
| | Moolman Theodorius Daniel [Theodorus] | Burgher | 8.3.02. | D.R.C | Rev: van Blerk | 12 years of age |
| | 2669 Charalahedron S. | Greek | 18:3:02 | D.R.C | Do | Died 17:3:02 |
| 18 | Botha (25530) D.J. | Free Stater | 31:3:02 | D.R.C | Do | Died 30:3:02 |
| 19 | 21309 Opperman R.J. | Burgher | 7:4:02 | D.R.C | P.O.W. Liebert | Died 6:4:02 |
| 20 | 20843 De Bruyn D.J. | Burgher Burgher | 8:4:02 | D.R.C | Rev: van Blerk | Died 7:4:02 |
| 21 | 16870 F.H. Bosch | Burgher | 28:4:02 | D.R.C | W.J. Pretorius | Died 27:4:02 |
| 22 | Schoeman (20339) A.H.A. | Transvaaler | 30:3:02 | D.R.C | P.O.W. Vermaas | Died 29:3:02 |
| 23 | 19638 Diedericks W.C. | Burgher (O.F.S.) | 1:5:02 | D.R.C | P.O.W.F. Vermaas | Died 30:4:02 |
| 24 | 20654 Van der Walt A.J. | Burgher | 29:4:02 | D.R.C | Rev. van Blerk | Died 28:4:02 |
| 25 | 20102 D.G. Nortje | do | 31:5:02 | D.R.C | P.O.W. Pretorious [W.J. Pretorius] | Died 30:5:02 |
| 26 | 20562 J.S. Vermaak | do | 2:7:02 | D.R.C. | P.O.W. Van Schalkwyk | Died 2:7:02 |
| 27 | 24809 Joubert J.H. | Transvaaler | 4:7:02 | D.R.C. | P.O.W. Joubert | Died 4:7:02 |
| 28 | 20048 Meyer B.E. | O.F.S. | 15:8:02 | D.R.C. | Revd. J.A. van Blerk | Died 15:8:02 |
| 29 | 25116 Prinsloo D.S. | Do | 20:7:02 | D.R.C. | P.O.W. D.P.J. Van Schalkwyk | Died 20:7:02 |
| 30 | 26685 Van Zyl W.J.J. | Transvaaler | 23:8:02 | D.R.C. | Revd. van Blerk | Died 22:8:02 |
| 31 | 26326 Van der Sandt S.W. | Do | 3:9:02 | D.R.C. | P.O.W. D.P.J. Schalkwyk [Van Schalkwyk] | Died 2:9:02 |
| 32 | 21003 Goosen N.J. | do | 6:9:02 | D.R.C. | Revd. van Blerk | Died 6:9:02 |
| 33 | 25269 Steyn C.J. [Convict] | British Subject | 12:9:02 | D.R.C. | Do | Died 12:9:02 |
| 34 | 21496 Steyn H.J. | Cradock Cape Colony | 6:11:02 | D.R.C. | Do | Died 6:11:02 |
| 35 | 21078 Johnston W.E. | Colesberg Cape Colony | At St, Georges. 14.1.02 At Long Island 16.1.03 | | Do | Died ? 14:1:02 |

[i/s die sterretjie by 17 is daar 'n aantekening "* To where DOGS was written re- Headstones. HHC 12/12".]

As ons nou die name en grafnommers in die begrafnisregister vergelyk met dié op die gedenknaald gegraveer, let ons op die volgende:

5 Marthiens P.W.A. word in die register bevraagteken as ? Maartens PWA. Die juiste naam het ons bevestig Maartens te wees.[27]

8 Carl Stephanus de Hass is De Haas.[28]

11 Cality J.A. is eers as 10 aangeteken, maar dié is deurgehaal, vervang deur 11 en geparafeer. "Cality" is Calitz.[29]

12 Du Pplessis J.P. is Du Plessis.[30]

14 Schalkwyk P.B. is Van Schalkwyk.[31]

15 Oliver Gert Cornelis, aldus gespel in sowel die register as op die gedenknaald, is Olivier.[32]

16 Moolman T.D. Soos voorheen genoem, verskyn hierdie naam twee keer op die gedenknaald (ook graf no. 38). Dit is vasgestel dat die datum 7.3.02 by no. 38 die sterftedatum [33] en die datum 8.3.02 by no. 16 die begrafnisdatum is.

17 Charalahedron S. verskyn op die gedenknaald as Charalambau; die rede hiervoor is onseker. Die naam soos dit verskyn in die Staatsargieflys [34] is Charalaahedron, Stephanus, terwyl dit in 'n ander lys [35] verskyn as Charalahedron.

21 F.H. Bosch, 16 jaar oud, en van Skinnerstraat, Pretoria, is deur 'n wag geskiet "while trying to escape" soos aangeteken in die Staatsargieflys [36].

25 D.G. Nortje verskyn op die gedenknaald as D.C. Nortje; sy name is in der waarheid Daniel George [37].

28 en 29 In die register vind ons B.E. Meyer as no. 28 en D.S. Prinsloo no. 29. Op die gedenknaald verskyn die grafnommers andersom, d.w.s. 28 D.S. Prinsloo en 29 B.E. Meyer. Hier is geen regstelling gemaak nie, en dit bly 'n raaisel watter nommer graf by elk van die twee persone tuishoort.

31 Van der Sandt in die register verskyn as v.d. Sand op die gedenknaald. Die juiste spelling is Van der Sandt.[38]

35 Johnston W.E. was 'n Rebel van Tweefontein, Colesberg, KP en het op St Georges op die NO-end van die lang, smal eiland gesterf gedurende die tydperk wat die rebelle in die militêre tronk aldaar deurgebring het, en is dáár begrawe op 14.1.02 Ds. van Blerk [39] meld hoe hy aansoek gedoen het by die militêre owerheid vir die opgrawing van die lyk en herbegrawing te Long-eiland. Volgens wet van hierdie kolonie, egter kon 'n lyk nie opgegrawe word voordat twaalf

---

27. *Ibid.*
28. *Ibid.*
29. *Ibid.*
30. *Ibid.*
31. *Ibid.*
32. *Ibid.*
33. *Ibid.*
34. *Ibid.*
35. *Ibid.*, TKP 156.
36. *Ibid.*, SO/POW 84.
37. *Ibid.*
38. *Ibid.*
39. J.A. van Blerk, *Op die Bermudas beland*, pp. 78—79.

maande verloop het nie. Aan ds. van Blerk se versoek is uiteindelik voldoen en dit word aldus aangeteken in die register, sowel as op die monument, dat Johnston herbegrawe is op Long-eiland op 15.1.03, presies een jaar en een dag na sy begrafnis op St George.

Alle ander grafnommers en name op die begrafnisregister en die gedenknaald stem ooreen. Verdere inligting soos op die register aangeteken, soos onder "officiating clergyman" en "Remarks", is self-verduidelikend.[40]

Hier volg nou die lys van name en grafnommers soos dit verskyn in Blignault [41] asook die lyn van Benbow [42] soos dit, volgens hom, verskyn in die "Bermuda Colonial Archives". Hierdie twee lyste is basies dieselfde en word gerieflikheidshalwe langs mekaar weergegee:

| BLIGNAULT | | | BENBOW | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Graf nommer | Naam | Datum van Begrafnis | Grave No. | Name | Burial Date |
| | D.J. Roed | 6.7.1901 | 1. | D.J. Roed | 6.7.01 |
| 2 | P. de Klerk | 19.8.1901 | 2. | P. de Klerk | 19.8.01 |
| 3 | W.J. Smit | 26.8.1901 | 3. | W.J. Smit | 26.8.01 |
| 4 | P.J. Eloff | 10.9.1901 | 4. | P.J. Eloff | 10.9.01 |
| 5 | P.W.A. Marthiens | 11.9.1901 | 5. | P.W.A. Marthiens | 11.9.01 |
| 6 | L.A. Nel | 14.9.1901 | 6. | L.A. Nel | 14.9.01 |
| 7 | J.N. Steyn | 25.9.1901 | 7. | J.N. Steyn | 25.9.01 |
| 8 | C.S. de Haas | 3.10.1901 | 8. | C.S. de Haas | 3.10.01 |
| 9 | W.D.J. van Vuuren | 4.11.1901 | 9. | W.D.J. van Vuuren | 4.11.01 |
| 10 | D. de Klerk | 21.11.1901 | 10. | D. de Klerk | 21.11.01 |
| 11 | J.A. Calitz | 21.11.1901 | 11. | J.A. Calitz | 21.11.01 |
| 12 | J.P. du Plessis | 30.12.1901 | 12. | J.P. du Plessis | 30.12.01 |
| 13 | D.A. Beukes | 23.1.1902 | 13. | D.A. Beukes | 23.1.02 |
| 14 | P.B. van Schalkwyk | 30.1.1902 | 14. | P.B. Schalkwyk | 30.1.02 |
| 15 | G.C. Olivier | 1.2.1902 | 15. | G.C. Oliver | 1.2.02 |
| 16 | T.D. Moolman | 8.3.1902 | 16. | T.D. Moolman | 8.3.02 |
| 17 | S. Charalahedron | 18.3.1902 | 17. | S. Charalahedron | 18.3.02 |
| 18 | D.J. Botha | 31.3.1902 | 18. | D.J. Botha | 31.3.02 |
| 19 | R.J. Opperman | 7.4.1902 | 19. | R.J. Opperman | 7.4.02 |
| 20 | D.J. de Bruyn | 8.4.1902 | 20. | D.J. de Bruyn (convict) | 8.4.02 |
| 21 | F.H. Bosch | 28.4.1902 | 21. | F.H. Bosch | 28.4.02 |
| 22 | A.J. van der Walt | 29.4.1902 | 22. | A.J. van der Walt | 29.4.02 |
| 23 | A.H.A. Schoeman | 30.4.1902 | 23. | A.H.A. Schoeman | 30.4.02 |
| 24 | W.C. Diedericks | 1.5.1902 | 24. | W.C. Diedericks | 1.5.02 |
| 25 | D.G. Nortje | 31.5.1902 | 25. | D.G. Nortje | 31.5.02 |
| 26 | J.S. Vermaak | 2.7.1902 | 26. | J.S. Vermaak | 2.7:02 |
| 27 | J.H. Joubert | 4.7.1902 | 27. | J.H. Joubert | 4.7.02 |
| 28 | B.E. Meyer | 15.8.1902 | 28. | B.E. Meyer | 15.8.02 |
| 29 | D.S. Prinsloo | 20.8.1902 | 29. | D.S. Prinsloo | 20.8.02 |
| 30 | W.J.J. van Zyl | 23.8.1902 | 30. | W.J.J. van Zyl | 23.8.02 |

40. Ds. Albertyn was volwaardige predikant. Prop. J.A. van Blerk het so pas die kweekskool verlaat voordat hy na Bermuda is. Volgens Dr. S.P.R. Oosthuizen, in sy D. Phil. proefskrif, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog,* 1899–1902, was P. Pienaar 'n teologiese student op Darrell-eiland, D. Postma was 'n teologiese student op Burtt-eiland, en Hauptfleisch, op Morgan-eiland, was "een gewenschten voorganger".

41. Audrey Blignault, *Die Verlange loop ver,* p. 58; *Idem., Sarie Marais,* 26.6.1967, p. 48.

42. Colin Benbow, *Boer Prisoners of War in Bermuda,* App. "A".

| | | |
|---|---|---|
| 31 | S.W. van der Sandt | 3.9.1902 |
| 32 | A.J. Goosen | 6.9.1902 |
| 33 | C.J. Steyn | 12.9.1902 |
| 34 | H.J. Steyn | 6.11.1902 |
| 35 | W.E. Johnston | 15.1.1903 |

En dan nog 'n paar wat in 1912 op versoek van die Suid-Afrikaanse regering bygevoeg is, waarskynlik krygsgevangenes wat tydens die lang seereis van die Kaap na Bermuda oorlede is:

P. Engelbrecht
J.D. Kies
J.S. van Niekerk
A.F. Strauss
G. Stulting
G. Vermaak
M.J. de Villiers

| | | |
|---|---|---|
| 31. | S.W. van der Sandt | 3.9.02 |
| 32. | A.J. Goosen | 6.9.02 |
| 33. | C.J. Steyn (convict) | 12.9.02 |
| 34. | H.J. Steyn (convict) | 6.11.02 |
| 35. | W.E. Johnston (convict) | 15.1.03* |

* W.E. Johnston (No. 21978) had died in 1901 during the period that the convicted rebels were held in the military prison at St. George. He had been buried there, but his grave was removed to the Long Island cemetery on the date shown.

In 1912, the South African Government requested the addition of further names. It is likely that these men died during the voyage to Bermuda. The additional names appearing on the obelisk in the cemetery are:

P. Engelbrecht
J.D. Kies
J.S. van Mekerk
A.F. Strauss
G.S. Tulting
G. Vermaak
M.J. de Villiers

Dit blyk nodig om die volgende regstellings te maak:

1 D.J. Roed op albei lyste, moet Rood wees.[43]

13 D.A. Beukes verskyn op die gedenknaald en op die Bermuda-begrafnisregister as D. Beukes. In der waarheid was dit Daniel Frederick Beukes.[44]

14 P.B. van Schalkwyk verskyn as Schalkwÿk op die gedenknaald, in Benbow se lys en in die Bermuda-Argiewelys. Die naam is bevestig as Van Schalkwyk te wees.[45]

15 G.C. Olivier in Blignault se lys verskyn as Oliver in Benbow se lys, sowel as in die Bermuda-argieflys, asook op die gedenknaald. Olivier is juis.[46]

17 Charalahedron op die lyste van Blignault en Benbow verskyn as sulks in die Bermudaregister, maar op die gedenknaald staan die naam Charalambau; dit is onseker hoe dié gans ander naam op die gedenknaald verskyn het. Dié fout het moontlik al ingesluip in die krygsgevangenekamp te Simonstad waar ds. J.A. van Blerk 'n Griek met name "Charalambou" besoek het;[47] dié man het toe al aan tering in die ergste graad gely, maar hy is nogtans na Bermuda verskeep, waar hy oorlede is aan tering. Die gedenknaald en inskripsies daarop is inderdaad onder toesig van ds. van Blerk aangebring; dit is dus moontlik dat die persoon se naam op die gedenknaald aangebring is soos die dominee hom te Simonstad geken het. In die Staatsargieflys te Pretoria verskyn die naam as Charalaahedron, Stephanus[48] en Charalahedron[49].

20 D.J. de Bruyn verskyn op die gedenknaald as D.J. de Bruÿn.

43. Staatsargief, Pretoria, SO/POW 84.
44. *Ibid.*
45. *Ibid.*
46. *Ibid.*
47. Ds. J.A. van Blerk, *Op die Bermudas beland*, p. 12.
48. Staatsargief, Pretoria, SO/POW 84.
49. *Ibid.*, TKP 156.

22. A.J. van der Walt (Blignault) en A.J. vander Walt (Benbow) verskyn op die gedenknaald as A.J. v.d. Walt.

In die volgende drie instansies in beide Blignault en Benbow se lyste word die grafnommers foutiewelik weergegee:
22 A.J. van der Walt
23 A.H.A. Schoeman
24 W.C. Diedericks

Die grafnommers en name verskyn as volg op die gedenknaald sowel as in die Bermuda-begrafnisregister:
22 A.H.A. Schoeman
23 W.C. Diedericks
24 A.J. van der Walt

Bowendien word die begrafnisdatum van A.H.A. Schoeman op beide Blignault en Benbow se lyste as 30.4.02 aangegee, terwyl die datum op die gedenknaald, sowel as in die Bermuda-register aangeteken is as 30.3.02. A.H.A. Schoeman se sterfdatum is bevestig as 29.3.02 te wees.[50]

25 D.G. Nortje op albei lyste verskyn as sulks in die Bermuda-register, maar op die gedenknaald staan D.C. Nortje. Sy juiste name was Daniel George.[51]

Die volgende twee name met grafnommers verskyn op albei bogenoemde lyste, sowel as in die Bermuda-argieflys as volg:
28. B.E. Meyer
29. D.S. Prinsloo

Op die gedenknaald egter, is die grafnommers andersom:
28. D.S. Prinsloo
29. B.E. Meyer

Hier bestaan dus 'n anomalie wat nie te verduidelik is nie.

Die begrafnisdatum van D.S. Prinsloo word deur beide Blignault en Benbow as 20.8.02 aangegee. In die Bermuda-argief begrafnisregister en op die gedenknaald word die datum as 20.7.02 aangeteken. Lg. datum is bevestig in die Staatsargief.[52]

31 S.W. van der Sandt op albei lyste verskyn op die gedenknaald as S.W. v.d. Sand. Die naam soos bevestig in die Bermuda-lys[53] sowel as in die Staatsargief lys[54] is van der Sandt.

32 A.J. Goosen op albei lyste verskyn op die gedenknaald, sowel as op die registers in Bermuda en Pretoria as N.J. Goosen.[55]

---

50. *Ibid.*, *SO/POW 84; Ibid.*, SO/POW PR/A 2636.
51. *Ibid.*, SO/POW 84.
52. *Ibid.*
53. *Boer Prisoner of War Burial Register*, Archives, Bermuda.
54. Staatsargief, Pretoria, SO/POW 84.
55. Archives, Bermuda; Staatsargief, Pretoria, SO/POW 84.

Benbow meld dat W.E. Johnston in 1901 te St. George oorlede is. Johnston is in der waarheid oorlede op 14.1.02.[56]
Benbow se "convicts" verwys na die persone wat op Bermuda as Rebelle bekend gestaan het. Hulle was Kapenaars (en dus Britse onderdane) wat by die Boeremagte aangesluit het.
Aan die einde van Blignault en Benbow se lyste verskyn dan 'n verdere lys van sewe name sonder grafnommers of datums van afsterwe of begrafnis, terwyl sulke nommers en datums wel deeglik op die gedenknaald gegraveer is, soos al juis genoem. Verder is die naam van 38 T.D. Moolman wel onder hierdie groepe op die gedenknaald, maar verskyn nie in bogenoemde lyste nie.

Benbow het juis opgelet dat Moolman se naam twee keer verskyn, en het hom dus hier uitgelaat. P. Engelbreght is sekerlik Engelbrecht. J.S. van Mekerk op Benbow se lys verskyn wel as sulks op die gedenknaald; dit is amper sekerlik van Niekerk. G. Stulting (Blignault) en G.S. Tulting (Benbow) verskyn op die gedenknaald as G. Stulting. Sy naam was in der waarheid Christian Stulting.[57] G. Vermaak op albei lyste verskyn op die gedenknaald as Gert Vermaak.

Die inskripsie in die Nederlands op die gedenknaald word deur Blignault as volg weergegee:[58]

Ter herinnering aan de krijgsgevangenen
die ter Bermuda gestorven zijn
1901 – 1902
Ik ben een vreemdeling op de aarde. Ps. 119:19.
In het huis van mijns vaders zijn vele wonings. Jn. 14.2

Die juiste inskripsie, presies soos op die gedenknaald gegraveer, is as volg:

TER HERINNERING AAN DE
KRYGSGEVANGENEN
DIE TE BERMUDA
GESTORVEN ZYN
1901 – 1902

IK BEN EEN VREEMDELING OP DE
AARDE. Ps. 119.19.
IN HET HUIS MYNS VADERS ZYN
VELE WONINGEN. Jn. 14.2.

Dit dien vermeld te word dat 'n gewysigde weergawe van bg. lys soos oorspronklik deur Audrey Blignault aangegee, verskyn in 'n nuwe publikasie.[59] Nog 'n publikasie

56. Archives, Bermuda; Staatsargief, Pretoria.
57. *Ibid.*
58. Audrey Blignault, *Die Verlange loop ver*, p. 56.
59. Eliza Botha, *Nogtans sal ek jubel*, 1977, p. 96.

met die name van krygsgevangenes wat op Long-eiland, Bermuda, begrawe lê is "Op die Bermudas Beland" deur ds. J.A. van Blerk. Ook hier is regstellings nodig en die lys word vereers weergegee soos dit verskyn in die boek.[60]

| No. van Graf | Naam | Begrawe op 1901 | Lykrede gehou deur | Doodoorsaak |
|---|---|---|---|---|
| 1 | D.J. Rood | 6 Julie | P.J. Pienaar | Maagkoors |
| 2 | P. de Klerk | 19 Aug. | Ds. J.R. Albertyn | Maagkoors |
| 3 | W.J. Smit | 26 Aug. | do. | |
| 4 | P.J. Eloff | 10 Sept. | D. Postma | Klierkanker |
| 5 | P.W.A. Marthiens | 11 Sept. | do. | Maagkoors |
| 6 | L.A. Nel | 14 Sept. | | Hartverlamming |
| 7 | J.N. Steyn | 25 Sept. | J. le R. Hauptfleisch | Slepende Koors |
| 8 | C.S. de Haas | 3 Okt. | do. | Longontsteking |
| 9 | W.D.J. van Vuuren | 4 Nov. | P.J. Pienaar | Swakte |
| 10 | D. de Klerk | 21 Nov. | J. le R. Hauptfleisch | Ruggraatkoors |
| 11 | J.A. Calitz | 21 Nov. | do. | Longontsteking |
| 12 | J.P. du Plessis | 30 Dec. | Prop. J.A. van Blerk | Longontsteking |
| | | 1902 | | |
| 13 | D. Beukes | 23 Jan. | Prop. J.A. van Blerk | Longontsteking |
| 14 | P.B. van Schalkwyk | 30 Jan. | J. le R. Hauptfleisch | |
| 15 | G.C. Olivier | 1 Febr. | Prop. J.A. van Blerk | |
| 16 | T.D. Moolman | 8 Maart | do. | |
| 17 | S. Charalambau (Griek) | 18 Maart | do. | Tering |
| 18 | D.J. Botha | 31 Maart | do. | |
| 19 | R.J. Opperman | 7 April | Mnr. Liebert | |
| 20 | D.J. de Bruyn | 8 April | Prop. J.A. van Blerk | |
| 21 | F.H. Bosch | 28 April | W.J. Pretorius | Geskiet deur wag |
| 22 | A.H.A. Schoeman | 30 Maart | Mnr. Vermaas | |
| 23 | W.C. Diedericks | 1 Mei | do. | |
| 24 | A.J. van der Walt | 29 April | Prop. J.A. van Blerk | |
| 25 | D.C. Nortje | 31 Mei | J. Pretorius | |
| 26 | J.S. Vermaak | 2 Julie | Mnr. van Schalkwyk | |
| 27 | J.H. Joubert | 4 Julie | Mnr. Joubert | |
| 28 | D.S. Prinsloo | 20 Julie | | |
| 29 | B.E. Meyer | 15 Aug. | | |
| 30 | W.J.J. van Zyl | 22 Aug. | | |
| 31 | S.W. van de Sand | 3 Sept. | | |
| 32 | N.J. Goosen | 6 Sept. | | |
| 33 | G.J. Steyn | 12 Sept. | | |

60. J.A. van Blerk, *Op die Bermudas beland*, Bylae L, p. 143.

Bostaande "Bylae L" in ds. van Blerk se boek het as opskrif "Lys van Krygsgevangenes wat op Long-eiland, Bermuda, begrawe lê." Daar is geen aanduiding waar die lys verkry was nie.

30 W.J.J. van Zyl se begrafnisdatum word op hierdie lys as 22 Augustus 1902 aangegee. Op die gedenknaald en in die Bermuda-register word dié datum as 23.8.02 aangegee. 22 Aug. was inderdaad sy sterftedatum [61] en 23.8.02 sy begrafnisdatum.

31 Van de Sand is Van der Sandt.[62]

33 G.J. Steyn verskyn op die naald en in die Bermuda-register as C.J. Steyn. Hy was in der waarheid S.J. Steyn.[63]

Die lys eindig by 33 G.J. Steyn, terwyl die gedenknaald en bermuda-register nog name by grafte 34 en 35 toon, sowel as nog die bykomstige 8 name op die gedenknaald nommers 36 tot 43. Verder is die inligting oor lykredenaars en doodsoorsake onvolledig. Dit was vir ons vreemd dat net 33 name verskyn op hierdie lys. Ons het egter foto's van die inskripsies op die gedenkteken te sien gekry in foto-albums in die Oorlogsmuseum te Bloemfontein.[64] Hierdie foto's toon die laaste inskripsie as 33 C.J. Steyn te wees. F. van der Merwe, wat die graveerwerk gedoen het, se naam verskyn heel onder op die klipblok. Ds. van Blerk het moontlik net hierdie foto's ter insae gehad, en was seker nie bewus van die name wat later aangebring is (nos. 34 tot 43) nie. Die gapings kan aangevul word deur te verwys na ander lyste in hierdie artikel.

In nog 'n onlangse artikel deur Margaret Webb [65] wat handel oor 'n besoek aan hierdie begraafplaas, is enkele regstellings nodig. Sy meld dat die monumentjie "in die middel van die begraafplaas" staan. Dit is nie juis nie. Die gedenknaald staan in een hoek (NO) van die kerkhof.

Verder kwoteer sy die inskripsie in die Nederlands as volg:

> "Ter herinnering aan de Boerenkrijgsgevangenen die gestorven zijn te Bermuda 1901—1902. Opgericht door hun mede-gevangenen" en dan die Bybeltekse.

Die presiese bewoording soos gegraveer op die gedenknaald is egter:

> "Ter herinnering aan de krygsgevangenen die te Bermuda gestorven zyn 1901—1902" - en dan die Bybeltekse.

In *Die Vaderland* van 19 Mei 1966 verskyn 'n berig van die besoek van mnr. en mev. N.J. Pietersen van Johannesburg aan die gedenknaald, waar hulle dan ook namens die Vroue- en Moederbeweging van die A.T.K.V. op 22 April, om 11 vm 'n krans gelê het. Hulle meld dat 34 burgers daar begrawe lê. In der waarheid verskyn 43 name en grafnommers op die gedenknaald.

Toe Audrey Blignaul die gedenknaald 'n paar maande later besoek het, het sy nog die "verdroogde krans van Suid-Afrikaanse Suikerbossies gesien, met die kaartjie wat aandui dat dit 'n huldeblyk van die Vroue- en Moederbeweging van die A.T.K.V. is".[67]

Ná al bogenoemde navorsing en bevindings, is gepoog om tog 'n oorspronklike en offisiële lys van sterftes van Boere-krygsgevangenes te vind, daar dit 'n hoop was dat so 'n lys die juiste name en betrokke datums sal verstrek. Sulke lyste is inderdaad

61. Staatsargief, Pretoria, SO/POW 84.
62. *Ibid.*
63. *Ibid.*
64. Oorlogsmuseum, Bloemfontein, Fotoalbum no. 1653; *Ibid.* Fotoalbum no. 1683.
65. Margaret Webb, *Bedevaart na Bermuda,* Lantern, Sept. 1976, pp. 36—41.
66. Staatsargief, Pretoria, *Plakboek 30,* p. 13.
67. Audrey Blignault, *Sarie Marais,* p. 48.

gevind in die Staatsargief te Pretoria.[68] Dit is nodig om hierdie inligting volledig weer te gee sodat gepoog mag word om alle onsekerhede en ongerymdhede tot dusver gevind, uit die weg te ruim en regstellings te maak.

**Lys van sterftes van Krygsgevangenes te Bermuda, 1901- 1902 (Staatsargief, Pretoria SO/POW 84).**

(Let weer op dat opmerkings deur die skrywer in ] hakies verskyn).

| Kg. No. | Naam | Oud | Adres | Oorsaak van dood | Sterfte-datum |
|---|---|---|---|---|---|
| 19117 | Roodt, Jacobus Daniel | 19 | Zaaihoek, Vrede | Enteric Fever [Buiktifus] | 5.7.01 |
| | Klerck de, Pieter | 22 | Buffelsfontein Zeerust | Enteric Fever [Buiktifus] | 18.8.01 |
| 20371 | Smit, Wessel Jacobus | 30 | Zevenfontein Carolina, Transvaal | Erisipelas [Erysipelas] [Belroos] | 25.8.01 |
| | Eloff, Piet Johannes | 37 | Zoutpansberg Transvaal | Carcinoma [Kanker] | 9.9.01 |
| | Maartens, Pieter Willem, Adrian | 23 | Vuurfontein Winburg, O.R.C. | Enteric Fever [Buiktifus] | 11.9.01 |
| | Nel, Louis Andries | 54 | Allendale Winburg, O.R.C. | Heart Disease [Hartkwaal] | 15.9.01 |
| 21491 | Steyn, Johannes Nicholas | 31 | Kaaldoornbosch Potchefstroom | Intermittent Fever [Slepende Koors] | 24.9.01 |
| | De Haas, Carl Stephanus | 55 | Rusthoek Wakkerstroom | Pneumonia [Longontsteking] | 3.10.01 |
| | Vuuren van, Willem Diedericks Janse | 71 | Wesseldam Wepener, O.R.C. | Debility [Swakheid] | 3.11.01 |
| | Calitz, Jacobus Andries | 41 | Pretoria | Pneumonia [Longontsteking] | 21.11.01 |
| | Klerk de, David | 19 | Zeerust | Meningitis [Rugmurgvlies-ontsteking] | 21.11.01 |
| 21330 | Plessis du, Johannes Paulus | 53 | Loskon, Kroonstad | Pneumonia [Longontsteking] | 30.12.01 |
| 24507 | Beukes, Daniel Frederick | 19 | Schuurpoort, Pretoria [? Scheerpoort] | Pneumonia [Longontsteking] | 22.1.02 |
| 20326 | Schalkwyk van, Petrus Benjamain [? Benjamin] | 41 | Spitzkop Swaziland | Pneumonia [Longontsteking] | 29.1.02 |

68. Staatsargief, Pretoria, SO/POW 84; *Ibid.* SO/POW PR/A 2636; *Ibid.* TKP 156.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 26127 | Olivier, Gert Cornelius | 31 | Nelspan, Bethel, Tranl. [? Bethal] | Heart Disease [Hartkwaal] | 31.1.02 |
| 26047 | Moolman, Theodorus Daniel | 12 | Swartfontein Bethel Transvaal [? Bethal] | Meningitis [Rugmurgvlies-ontsteking] | 7.3.02 |
| 2663 | Charalaahedron, Stephanus | 22 | Johannesburg | Tubercle of lung [Longtering] | 17.3.02 |
| 25530 | Botha, Diederick Johannes | 40 | Kloppieskraal Fauresmith [? Knoppieskraal] | Pneumonia [Longontsteking] | 30.3.02 |
| 21309 | Opperman, Rudolph Johannes | 45 | Doornpan Wolmaransstad | Bright's Disease [Nierontsteking] | 6.4.02 6.4.02 |
| 20843 | Bruyn de, Diedrick Jacobus | 18 | Ópsaal Cradock | Enteric Fever [Buiktifus] | 7.4.02 |
| 16870 | Bosch, Fredrick | 16 | Skinner St. Pretoria | Shot while trying to escape [Geskiet terwyl hy gepoog het om te ontsnap] | 27.4.02 |
| 20339 | Schoeman, Adrian Hendrik Albertus | 65 | Blesbokfontein Pretoria | Syncope [Floute onmag] | 29.3.02 |
| 19638 | Diedericks, Wessel Christian | 66 | Boschjespruit Standerton | Heart Disease [Hartkwaal] | 30.4.02 |
| 20654 | Walt van der, Andries Johannes | 66 | Pietpotgietersrust, Waterberg, Tvl | Pneumonia [Longontsteking] | 28.4.02 |
| 20102 | Nortje, Daniel George | 53 | Luckhoff Fauresmith | Syncope [Floute, onmag] | 30.5.02 |
| 20562 | Vermaak, Jacobus Stephanus | 53 | Belvedre Lydenburg [? Belvedere] | Dysentery [Dikdermont-steking] | 2.7.02 |
| 24809 | Joubert, Jan Hendrik | 67 | Harbestefontein Nylstroom [? Hartbeesfontein] | Pericarditis (Hartsakont-steking] | 4.7.02 |
| 20048 | Meyer, Barend Esaias | 36 | Vaalkop Bloemfontein | Enteric Fever [Buiktifus] | 15.8.02 |
| 25116 | Prinsloo, Daniel Soloman | 66 | Vlakfontein Pretoria | Gastritis [Maagontste-king] | 20.7.02 |
| 26685 | Zyl v., Willem Johannes Jacobus | 20 | Crocodilepoort Pretoria | Valvular de-sease Heart [Hartklepsiekte] | 22.8.02 |
| 26326 | Sandt van der, Schalk Willem | 41 | Elandsfontein Tv. | Enteric Fever [Buiktifus] | 2.9.02 |
| 21003 | Goosen, Nicholas Johannes | 27 | Blesboklaagte Middleburg [Middelburg] | Tubercle [Tering] | 6.9.02 |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | Steyn, Sarel Jacobus | 49 | Waaikraal Cradock Middleburg C.C. [Middelburg] | Bright's Disease [Nierontsteking] | 12.9.02 |
| 21496 | Steyn, Hendrik Jaspar | 20 | Kaalplaats Cradock | Enteric Fever [Buiktifus] | 6.11.02 |
| 21078 | Johnston, William Evans | 27 | Tweefontein Colesburg ORC [Colesberg, K.P.] | Enteric Fever [Buiktifus] Penal Servitude | 14.1.02 |

Bostaande lys bestaan dan uit die 35 name wat sowel op die gedenknaald as in die Bermuda-argief-begrafnisregister aangeteken is.

Nou volg 'n ondersoek na die bykomstige 8 name wat skynbaar later op die gedenknaald aangebring is, en wat nie in die Bermuda-begrafnisregister verskyn nie. In die Staatsargieflys van krygsgevangene-gestorwenes [69] is die volgende inligting opgespoor:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 19872 | Kies, Jan Daniel | 56 | Kraaiboschkruil Wolmaransstad [Kraaiboschkuil] | Pneumonia [Longontsteking] | 21.7.01 |
| 20435 | Strauss, Abraham Frederik | 22 | Tafelkop Fauresmith O.R.C. | Influenza [Griep] | 29.7.01 |
| | Stulting, Christian | 58 | Waterkloof Philippolis | Pneumonia [Longontsteking] | 21.7.01 |
| 26047 | Moolman, Theodorus | 12 | Swartfontein Bethel Transvaal [? Bethal] | Meningitis (Rugmurgvliesontsteking] | 7.3.02 |

T.D. Moolman verskyn wel 'n tweede keer hierbo, en word net volledigheidshalwe genoem.

In stuk SO/POW PR/A 2636, Staatsargief, Pretoria, vind ons inligting omtrent drie persone:

19872 Kies, Jan Daniel, died 21.6.01 RANA ["Ranee"].
20435 Strauss, Abraham Frederick, died 29.7.01 MANILA ["Manila Castle"].
20450 Stulting, Christian, died 31.7.01 MANILA ["Manila Castle"].

Hierdie drie persone het dus wel ter see gesterf en is daar begrawe. Waarom hulle dus grafnommers op die gedenknaald het, is nie seker nie.

Stulting se sterfdatum word hier aangegee as 31.7.01, terwyl dit in die vorige lys, asook op die gedenknaald, verskyn as 21.7.01. Kies, weer, se sterftedatum word hier, sowel as op die naald, aangeteken as 21.6.01, terwyl dit op die voorlaaste lys verskyn as 21.7.01. Die "RANEE" het op 19.7.01 op Bermuda aangekom, dus is e.g. datum seker korrek. Hulle boedels is nie gevind in die Staatsargief nie en kon hulle sterftedatums dus nie bevestig word nie.

Geen inligting omtrent die oorblywende vier persone, P. Engelbrecht, J.S. van Niekerk, Gert Vermaak en M.J. de Villiers kon in bogenoemde stukke verkry word nie.

69. *Ibid.* SO/POW 84.

'n Soektog is dus geloods onder "boedels" en ander oorde, en die volgende inligting is verkry:

J.S. van Niekerk (20.4.02) en P. Engelbrecht (1.9.02) het sekerlik op die eilande gesterf, daar die laaste skip met krygsgevangenes aan boord, die "Montrose", op 16 Januarie 1902 op Bermuda aangekom het.[70] Waarom hulle name dan eers later op die gedenknaald aangebring is, is onseker. Die enigste Van Niekerk wat ter see gesterf het was Jacobus Gustavus,[71] maar hy is oorlede op 26.10.01.

Oor M.J. de Villiers, gemerk "AFTER 1904" op die gedenknaald, het ons sekere inligting kon bekom. Zuill[72] meld dat die laaste onversoenlike sy dae in die Pembroke-armetehuis geslyt het, en dat hy ene "de Villers" was. Benbow meen egter tog dat die laaste onversoenlike "M.J. Swartz" was, wat in 1926 of 1927 oorlede is. Volgens Audrey Blignault[73] was Matthys Johannes de Villiers 'n neef van haar oom Thys Swart. Dat M.J. de Villiers beslis op Bermuda dood is, word gemeld in 'n geslagsregister.[74] Dr. Con de Villiers meen dat hy wel die De Villiers is wat volgens Zuill in die armetehuis gesterf het, maar hy glo nie dat hy 'n onversoenlike was nie.

In *De Volkstem* van 28 Februarie, 1911 skryf Launspach[75], in antwoord op 'n koerantberig dat daar nog 200 krygsgevangenes op Bermuda agtergebly het[76] dat daar slegs nog 9 persone daar is, nadat ene M.J. de Villiers 'n ruk tevore daar oorlede is. Launspach gee die name van die 9 agtergeblewenes.

Wat Gert Vermaak betref, vind ons in 'n kerkregister[77] aangeteken: "Cornelius Johannes Gerhardus Vermaak, 47, Sweethome (Vryheid), gestorven op zee". Dit is waarskynlik dat hierdie persoon wel Gert (Gerhardus) Vermaak was. Die skip "Montrose" was op see ten tye van Vermaak se afsterwe (19.8.01). Moontlik a.g.v. 'n klerikale fout verskyn Vermaak se naam nêrens in offisiële lyste nie.

In 'n dokument gevind in 'n lêer van die Kononiale Sekretaris te Bermuda[78] vind ons tog bykomstige inligting omtrent die betrokke 8 persone, wie se name verskaf is deur die Unie-regering. Die inligting omtrent Kies, Moolman, Strauss en Stulting stem ooreen met ons eie bevindings, buiten dat Kies se sterftedatums as 21.6.01 aangegee word, en Stulting se sterftedatum as 29.7.01.

Wat die ander vier name betref is dit interessant om daarop te let dat hulle krygsgevangene-nommers as onbekend aangeteken word, dus dieselfde onsekerheid oor hulle as wat ons hier het. Ons verneem tog die volgende:

Engelbrecht, P. was 39 jaar oud en van Pretoria.
Van Niekerk, Johannes S. was 24 jaar oud, van Johannesburg.
Vermaak, Gert, ouderdom onbekend, was van Umkosi, Vryheid.
De Villiers, M.J. was 40 jaar oud, van Spitzkop, Ermelo.

70. Colin Benbow, *Boer Prisoners of War in Bermuda*, 1962, ref. 28.
71. Staatsargief, Pretoria, SO/POW 84.
72. W.E.S. Zuill, *Bermuda Journey*, p. 391.
73. Audrey Blignault, *Persoonlike mededeling*, Oktober, 1977.
74. C. de Villiers, Pama, *Geslagsregister van ou Kaapse Families*, deel 3, p. 1030, Fl, G4.
75. *De Volkstem*, 28 Februarie 1911.
76. *Ibid.* 17 Februarie 1911.
77. Argief van die Nederduits Gereformeerde Kerk, Pretoria. *Oorlogsstatistiek. Opgawe van gesneuwelden en gestorven tydens den oorlog 1899—1902.*
78. Office of the Colonial Secretary, Bermuda, File No. 3268.

Dit word onomwonde gestel dat alvier op Bermuda oorlede is.

Geen verdere inligting kon bekom word omtrent bg. vier persone in boedelregisters en ander oorde nie. Dit is tog vreemd dat hulle name nie in bg. amptelike lyste van gestorwene-krygsgevangenes verskyn nie, ook nie in die Rooikruislyste van gestorwenes nie.[79] Al afleiding wat ons wel kan maak van dié name op die noordekant van die gedenknaald, is dat hulle wel later aangebring is deur 'n persoon anders as F. van der Merwe. Benbow[80] en Blignault[81] meld dat hierdie name in 1912 op versoek van die Suid-Afrikaanse Regering aangebring is; 'n soektog tussen die amptelike Regeringsstukke van daardie tydperk het geen bevestiging opgelewer nie.

1 D.J. Rood (e Roed) is in der waarheid Jacobus Daniel Roodt.

2 De Klerk is in der waarheid de Klerck.

5 Marthiens is in der waarheid Maartens (soos wel ook bevraagteken in die Bermuda-register).

6 L.A. Nel se sterftedag word op die Argieflys as 15.9.01 aangegee, terwyl dit sowel op die Bermuda-argiefregister as op die naald, verskyn as 14.9.01. Hier is dus 'n anomalie wat nie te verklaar is nie.

8 De Haas ( en de Haas) is in der waarheid De Haas.

13 D. Beukes (en D.A.) is in der waarheid D.F. (Daniel Frederick).

14 Schalkwÿk is in der waarheid van Schalkwyk.

16 T.D. Moolman se naam verskyn twee keer op die gedenknaald. By graf No. 16, op sowel die naald as in die Bermuda-register, word die begrafnisdatum aangegee as 8.3.02, terwyl by graf No. 38 die datum 7.3.02 verskyn, wat ons vasgestel het sy sterftedatum is.

Theodorus Daniel Moolman was 12 jaar oud. Terwyl hy sterwend aan rugmurgvliesontsteking in die tenthospitaal op Port-eiland gelê het, is sy vader, wat ook krygsgevangene was, toestemming geweier om hom te besoek. Hy is later tog toegelaat om sy kind se graf te besoek; 'n foto van die vader by sy seun se graf verskyn in ds. van Blerk se boek.[82]

17 Charalambau (Gedenknaald) en Charalahedron (Bermuda-register) is in der waarheid Charalaahedron, (of Charalahedron) Stephanus.

21 F.H. Bosch was die enigste krygsgevangene wat 'n onnatuurlike dood gesterf het. Dit staan aangeteken in die registers as "shot while trying to escape". Bosch, van Skinnerstraat, Pretoria, was 16 jaar oud en ds. van Blerk[83] vertel sy storie as volg:

"Aan die gevangenes van hierdie klein kampie op Tucker-eiland het een van die wagte aangebied om hulle te help as hulle sou wil ontsnap. Dit het hy herhaalde male gedoen. Eers wou hulle nie aan die lokaas byt nie. Dit was te goed om te glo. Eindelik gee hulle toe en aanvaar die aanbod. Die aand, uur en teken wat sou gegee word, was afgespreek met die wag. Dit was 27 April 1902. Die teken sou wees: die wag sou 'n klip op een van die tente gooi. Toe die oomblik aangebreek het en die klip op die tent val, spring hulle op uit die bed en trek

79. Staatsargief, Pretoria, RK Vol. 115 en 116.
80. Colin Benbow, *Boer Prisoners of War in Bermuda*, App. "A"
81. Audrey Blignault, *Die Verlange loop ver*, p. 59.
82. J.A. van Blerk, *Op die Bermudas beland*, 1949, regoor p. 73.
83. Ibid., p. 56.

lootjies om te bepaal wie eerste sou gaan. Die lot val op een van die uitlanders. Hulle het teen hierdie tyd nie langer in boeie geslaap nie. Die man wat moes voorgaan, het te lank gesukkel om sy skoenriem vas te maak na Bosch se sin, wat nie langer na die voorbok wou wag nie, en hy neem dus self die voortou. Hy gooi sy lyf oor die draad en maak dat hy wegkom. Toe hy skaars 25 tree weg was, vuur die wag 'n skoot op hom en hy sak inmekaar. In 'n oogwenk is die dapper seun op verraderlike wyse die ewigheid ingestuur." Benbow [84] weer, meld dat "no. 16870 was a persistent escapist, who was fatally shot when caught in the wire".

In 'n brief aan Colin Benbow, gedateer 2 April 1959, skryf dr. A.C. Schulenburg [85]: "A schoolmate of mine, B..., was shot by the sentries as he foolishly attempted to get through the criss-cross 9 ft fence one night".

Duquenne [86] se vertelling van dié Bosch-voorval stem basies ooreen met dié van ds. van Blerk.

23 W.C. Diedericks word in die Bermuda-register aangegee as "Burgher, (O.F.S.), maar sy adres in die Staatsargief-register is Standerton, Transvaal.

31 V.d. Sand is in der waarheid van der Sandt. In die amptelike lys [87] verskyn sy naam twee keer (op bl 54 en weer bl 55). Die eerste keer word sy ouderdom as 41 aangegee, die tweede keer as 42. Die ander besonderhede stem ooreen nl. sy Kg. no. 26326, oorlede 2.9.02 te Port-eiland, Bermuda, aan buiktifus.

33 C.J. Steyn soos op die naald en Bermuda-register, is in der waarheid Steyn, Sarel Jacobus, soos bevestig deur die krygsgevangenenommer 25269 wat in die Bermuda-register en Staatsargief-register ooreenstem.

Dit mag interessant wees om die oorsake van dood van die Bermuda krygsgevangenes na te gaan:

| | | |
|---|---|---|
| Longontsteking: | 9 | |
| Buiktifus: | 8 | |
| Hartsiekte: | 4 | |
| Rugmurgvliesontsteking: | 3 | |
| Tering: | 2 | |
| Nierontsteking: | 2 | |
| Floute, onmag: | 2 | |
| Ander: | 9 | - (Slepende koors, Kanker, Belroos, Griep, Maagontsteking, Swakheid, Dikdermontsteking, Hartvliessteking, geskiet - 1 van elk.) |

Die grootste oorsaak van dood was akute ontstekingsprosesse, nl. 25 gevalle, 64% van alle sterfgevalle. Dit is kenmerkend van daardie tydvak dat akute ontstekings soos longontsteking, buiktifus (maagkoors, "tyhoid fever") rugmurgvliesontsteking, en ander, wat deesdae maklik geneesbaar is met antibiotika, dikwels dodelike siektes was; dit is dus nie verbasend dat die grootste persentasie van sterftes aan sulke akute siektes toegeskryf kan word nie.

84. Colin Benbow, *Boer Prisoners of War in Bermuda*, 1962, ref. 61.
85. *Ibid.*, gekwoteer deur Benbow.
86. Fritz Duquenne, *Le Petit Bleu du Matin*, Brussel, 26 Junie, 1902. (Staatsargief SO/POW, PR/A 2208).
87. Staatsargief, Pretoria. SO/POW PR/A 2636.

Graag bedank ek die volgende persone en instansies vir waardevolle hulp verleen in verband met hierdie ondersoek:

| | |
|---|---|
| Te Pretoria: | Die Argivaris, Staatsargief. |
| | Die Argivaris, Argief van die N.G. Kerk. |
| | Dr. O.J.O. Ferreira, R.G.N. |
| | Die Suid-Afrikaanse Raad vir Oorlogsgrafte. |
| Te Bloemfontein: | Mnr. P.J. Delport, Oorlogsmuseum van die Boererepublieke. |
| Te Londen: | Mev. Diana E Birch, vir navorsing in die "Public Record Office". |
| Te Bermuda: | Mnr. Colin Benbow. |
| | Mnr. Hubert Jones. |
| | Mnr. Michael Hutley. |
| | Mnr. Graham Powell. |
| | Mnr. Len McDonald, Argivaris. |
| | Mej. Heleen Rowe, Argivaris. |
| | Mev. Terry Tucker, Bibliotekaresse. |
| | Mej. Daurene V. Aubrey, Naslaanbibliotekaresse. |
| | Mnre. Tom Kelsch & Gene Ray, Dept. van Toerisme. |
| | Bermuda News Bureau. |